

# UIT DIE SERNICK-KRAAL

## Van Sernick aan jou

### Intensiewe skaapproduksie

Die totale Suid-Afrikaanse produksie van lamsvleis het die afgelope tien jaar gewissel as gevolg van beperkte winsmarges, veediefstal, predasie, invoere en droogtetoestande. Volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se voorspelling gaan die produksie wel oor die volgende agt jaar toeneem, maar betreklik min.

In teenstelling hiermee word 'n drastiese toename in die verbruik van lamsvleis verwag, wat hoofsaaklik aan die bevolkingskuif van Living Standard Measurement (LSM)-groepe toegeskryf kan word. Baie verbruikers in die LSM-groepe 5 en 6 skuif na die LSM-groepe 7 en 8.

Hierdie voorspelling dui daarop dat die invoer van lamsvleis kan toeneem, wat druk op Suid-Afrikaanse produsente gaan plaas. Die alternatief is om hierdie as 'n geleentheid te sien om produksie te verhoog en sodoende in die groeiende vraag te voorsien.

### Skaapproduksie in Suid-Afrika

Die algemene skaapproduksiestelsel wat in Suid-Afrika gebruik word, is 'n ekstensiewe stelsel wat gebruik maak van 'n natuurlike en eenjarige dekseisoen. Hierdie stelsel word deur verskeie uitdagings, soos veediefstal en predasie, bedreig. Verder is faktore soos bevrugting, lam- en speenpersentasie, kondisie en gesondheid 'n uitdaging as gevolg van die ekstensiewe natuurlike aspek.

Ekonomiese aspekte wat uitdagend is, is kontantvloei en die verkoopprijs vir produsente. 'n Inkomste van een maal per jaar verg goeie kontantvloeiëbestuur, terwyl die produsent

lammers bemark wanneer die aanbod hoog is en gevolglik 'n laer prys ontvang.

### Presisieboerdery – intensiewe produksie

'n Eenvoudige tweestap-definisie vir presisieboerdery is: Identifiseer eerstens die natuurlike/genetiese potensiaal van die dier/hulpbron, waarna die produkte en prosesse aangepas moet word om die dier/hulpbron se volle potensiaal te ontgin en te benut.

Die intensiewe stelsel het eerstens geïdentifiseer dat 'n ooi in 'n versnelde lamstelsel elke agt maande kan lam. Daarna is die voeding, gesondheidspraktyke, reproduksiestelsel, kontantvloei en bemarking aangepas om die ooi se volle potensiaal te ontgin en te benut.

### Intensiewe stelsel in die waardeketting

Bykans al die uitdagings van 'n ekstensiewe stelsel kan deur 'n intensiewe stelsel hanteer en verbeter word. Die waardeketting begin by die produsent op die plaas, waarna die lammers na 'n voerkraal gaan vir afronding, dan abattoir toe vir slag en in 'n slaghuus of supermark beland vir die verbruiker om te koop.

Met 'n ekstensiewe stelsel is die produksie en inkomste seisoenaal. Die bevrugtingsyfer, lam- en speenpersentasie is laag, terwyl algemene voeding- en gesondheidspraktyke gebruik word. Dit veroorsaak dat lammers wat in die voerkraal beland, se gesondheid, genetiese potensiaal om te groei, gewig en aanbod wissel. As gevolg hiervan kry die abattoir lammers

## Presisie-skaapvoerreeks

Sernick Veevoere en Mamre Dormers vat handel!




### Presisievoeding

Presisie Skaapstelsel Voeerreeks vir optimale prestasie

#### Beginnele van formulesies:

Maximale biologiese moedlike  
Genetiese kwaliteit voeding  
Voedingbehoefte van groot room ooi, 90kg  
Kandelaar punt van 3.5 in alle fasiliteite van die  
Verreëde & korreksionele paring/afstamings

**SERNICK**  
VEEVOERE | FEEDS



met wisselende gradering, gewig en aanbod van karkaslewering.

Laastens het die slaghuus of supermark 'n wisselende produk en prys. 'n Groot nadeel van lamsvleis in vergelyking met ander vleisbronne is die wisseling in prys, wat in kort tydperke plaasvind. Die hoofrede hiervoor is die nie-konstante/seisoenale lewering van lammers aan die waardeketting.

Verbruikers neig om eerder vleis soos bees en vark te koop, wat meer prysstabiel is as gevolg van verbruikers se vaste inkomste en begroting. Die voordelige uitwerking van 'n intensiewe stelsel in die waardeketting is duidelik. Reproduksië, gesondheid en voeding word verbeter as gevolg van presisietoepassing en beheer. Verder word lammers meer konstant deur die jaar gelewer, wat prysvariasie verminder.

*"Tegnologiese en bemarkingsinnovasie kan vir jou 'n mededingende voordeel oor die kort termyn bied, maar oor die lang termyn kan dit jou relevansie in die bedryf definieer."*

– Phillip Oosthuizen

Kontak ons gerus vir meer inligting.  
Phillip Oosthuizen:  
Hoof van Ekonomie en Navorsing.  
Sel: 079 901 8763  
Epos: [phillip@sernickgroup.co.za](mailto:phillip@sernickgroup.co.za)  
Webtuiste: [www.sernick.co.za](http://www.sernick.co.za)

**Sukses is wanneer realiteit opvang met jou verbeelding/droom.**

**Die krag van optimisme**

Produsente, die kommersiële bedryf, wetenskap en navorsing bevorder die bedryf met 'n gemeenskaplike visie.

**Suid-Afrikaanse landbouers is uniek**